En dan is daar die vernaamste rede vir haar loopbaankeuse: "Die dag toe dit regtig gevoel het asof ek 'n gesprek met God gehad het. Hy het my gevra wat ek wil doen. 'Wil jy régtig kuns as 'n beroep beoefen?' het Hy gevra."

Dit was in daardie tyd dat Ingrid begin het om haar kunswerke by 'n klompie koffiewinkels uit te stal.

"Ja!" het sy geantwoord. "Ja, ek geniet die vryheid en kreatiwiteit."

Maar haar groot vraag was of sy 'n bestaan daaruit sou kon maak. Die boodskap wat sy van God gekry het, was om éérs sy koninkryk te soek, en dan sal die res daaruit voortvloei.

Ingrid vertel: "Vir my het dit op daardie stadium aangemoedig om steeds 'n aanbiddingsleier by my kerk te wees, en om aan te hou om Hom só te dien."

"Die doel van my werk"

In 2010 het haar kunsonderneming begin floreer. 'n Duitse paartjie, wat uitstalruimte vir kuns buite Berlyn het, het haar gebel. 'n Klompie jare gelede, só het hulle haar vertel, het hulle haar en 'n vriend se ganse tafel vol kunsblokkies by 'n mark opgekoop.

Dié keer was hulle behoefte veel groter: 900 handgemaakte kunsblokkies. Ingrid en haar vriend het sowat 'n jaar lank daaraan gewerk voordat dit na Duitsland uitgevoer is.

In 2010 het Ingrid, wat voorheen veral op skilderdoek gewerk het, ook begin om 'n kombinasie van haar belangstellings in haar kuns te gebruik. Die gevolg hiervan is illustrasies met pen en waterverf, sowel as foto's wat digitaal gemanipuleer is en uiteindelik op hout geplaas word.

"My werk beeld Suid-Afrika uit," sê sy. Voeg hierby haar selfverklaarde gefassineerdheid met Suid-Afrikaanse flora, en dit verklaar die foto's en illustrasies van veral plante en fynbos in haar kuns.

"Ek glo die doel van my werk is om geestelike boodskappe aan ander oor te dra," sê sy.

En dan vertel Ingrid van die vrou wat haar onlangs kom besoek het, omdat sy graag die kunstenaar agter die unieke houtblokkies wou ontmoet. Die vrou vertel toe hoe die kunsblokkies haar geraak het.

Ingrid sê: "Dit is vir my baie spesiaal om dít wat ek saam met God ervaar, op 'n unieke manier toeganklik vir ander te maak."

Chrislie Dreyer